

Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 22

> *Mag die Here jou tog net verstand en insig gee en die nodige opdragte in verband met Israel, dat jy die wet van die Here jou God kan nakom. (1 Kron 22:12)*

Ons praat altyd van Salomo se tempel, maar eintlik is dit net

soveel Dawid s'n. Hy het die bouplanne, die boumateriaal (1 Kron 28:11-21), die bouterrein, en selfs die spesiale instrumente waarop die tempelmusici gespeel het (2 Kron 7:6) – alles het hy voorsien. Salomo kon daarom feitlik dadelik begin met die bou van sy pa se tempel.
Dawid was in die ware sin van die woord Salomo se mentor. Hy wens sy seun die verstand en insig van die Here toe, sodat hy 'n goeie koning vir Israel sal wees. En Salomo volg getrou sy pa se leiding. Toe hy koning word, was dit presies waarvoor hy gebid het (2 Kron 1:10): "Gee my nou wysheid en kennis dat ek hierdie volk reg kan lei, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer?"
Is jou verhouding met die Here ook so, dat jou nageslag in jou spore kan volg? Los jy vir hulle iets waarop hulle kan voortbou? En is jou verhouding met jou mense so dat jou kinders jou sal wil volg?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026